

# SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Neels Cornelius



April 2019

## VAN DIE REDAKTEUR:

Hallo julle,

Dis moeilik om te glo dat die eerste kwartaal van die jaar reeds verby is! Maar daar is tog een rede wat 'n mens dankbaar maak dat die tyd wel aanstap en dit is dat die bytende goggas, wat ons hier op Shelley Point so verpes die laaste paar maande, nou die wyk sal neem. Hulle verlaat ons gelukkig vroeg in April en laat ons met rus tot in Februarie/Maart van die volgende jaar. Ek sien uit na dae wanneer ek nie meer oortrek sal wees met jeukende rooi bytplekke nie.



Julle is, soos altyd, welkom om enige terugvoer, navrae, kommentaar, voorstelle en nuus aan te stuur na ons by [shelleypointnews@gmail.com](mailto:shelleypointnews@gmail.com). Kritiek en klagtes is ook welkom solank dit opbouend is. Verlede maand, toe Martin die Afrikaanse weergawe weer uitgestuur het met 'n nota waarin hy (in Afrikaans) verskoning vra omdat hy die verkeerde uitgawe aangestuur het, is ek toegegoot met 'n stortvloed vanaf omgekrapte huiseienaars omdat 'n Afrikaanse brief uitgestuur is. Party van hierdie brieve was werklik beledigend van aard en totaal onvanpas. Onthou tog asb. dat die lede van ons span hierdie nuusbrief produseer as 'n diens aan ons gemeenskap. Ons is almal vrywilligers, wat nie betaal word vir ons tyd en moeite nie en daarom allermind hierdie beledigings, wat so ongevraagd na ons kant toe kom, verwag of verdien.

In 'n meer positiewe trant en met die skoolvakansie weer om die draai, maak ek graag van die geleentheid gebruik om almal 'n heerlike April en 'n geseënde Paasfees toe te wens. As julle dalk op reis gaan in hierdie dae, wees versigtig, geniet dit en kom veilig huis.

Tot volgende maand ...

*Terry - [shelleypointnews@gmail.com](mailto:shelleypointnews@gmail.com)*

## HUISEIENAARS AAN DIE WORD:

Ons het nie enige brieve van huiseienaars ontvang in hierdie maand nie (behalwe die bogenoemde brieve met klagtes oor die nota in Afrikaans wat die Afrikaanse nuusbrief vergesel het). Ons vertrou dat dit 'n aanduiding is dat almal tevrede is met die vloei van inligting en dat daar geen navrae of probleme is nie.

## TERUGVOER VAN DIE SHELLEY POINT RAAD VAN TRUSTEES:

Daar word gereeld gerapporteer oor die ‘dispuut’ wat ontstaan het tussen die ontwikkelaar en ons verkoze trustees en ons sal nie nou weer in die nuusbrief daaroor verslag doen nie, veral ook omdat, teen die tyd wanneer die nuusbrief verskyn, die probleem waarskynlik opgelos sal wees.

- **Ontsoutingsaanleg:** Die terugvoer van die raadgewende ingenieur by hierdie projek, sowel as die Municipale Projekbestuurder, is dat dit goed vorder. Die finale planne word tans opgestel en die serwitute en hersonerings wat nodig is, word nou geregistreer. ‘n Ooreenkoms tussen die SBM en Oceana Visserye, waarvolgens die soutkonsentraat van die tru-osmoseaanleg op Shelley Point enige kilometers ver die see in uitgelaat sal word via die Oceana-pypeleiding, is nou geteken. Die munisipaliteit is steeds geesdriftig oor die projek (soos ons ook) omdat dit voordeilig is vir alle partye wat daarin meewerk. Die vordering is ietwat stadig, maar tog betekenisvol en goeie verhoudings het tussen die partye ontstaan, wat verwelkom kan word, omdat dit in die verlede minder gunstig was.
- **Aansoek vir ‘n prospekteerlisensie:** Die SPHEV het by verskeie ander instansies uit ons omgewing aangesluit en beswaar aangeteken teen die toekenning van ‘n prospekteer-lisensie. Intussen het ons kennis ontvang vanaf die omgewingskonsultant vir die aansoeker dat die proses vir eers gestaak is tot nadere kennismaking. Ons glo nie dat dit gebeur het na aanleiding van die besware nie en dat die aansoek een of ander tyd weer sal voortgaan. Ons sal intussen daarvoor voorberei en dit teenstaan so ver moontlik.
- **Klubhuis:** Baie interessante voorlopige werk is gedoen aangaande die ontwerp van toepaslike fasilitete wat in fases en oor tyd gebou kan word. Omdat die verhouding tussen die ontwikkelaar en ons trustees nou so veel aandag verg, is besluit om verdere werk hieraan terug te hou totdat meer stabiliteit daarmee bereik is.

## SEKURITEITSVERSLAG (Daniel Plaatjies):

Ons werk gedurig om die sekuriteitsrisiko op die landgoed te minimiseer. Ons wagte waak altyd daarteen dat reëls oortree word en dat alle besoekers, kontrakteurs, huiswerkers, afleweraars en gaste en werkers van die hotel die korrekte procedures volg wanneer hulle die landgoed binnekomm en verlaat. Ons versoek huiseienaars en inwoners om tog nie werkers in die landgoed in te bring sonder om hulle te registreer en in te klaar by ons kantoor nie.

Die volgende insidente het plaasgevind sedert die vorige verslag:

- **Gewelddadige optrede deur ‘n besoeker:** Hierdie voorval het by Fountainsingel plaasgevind deur ‘n besoeker wat onder die invloed van alkohol was. Sy gedrag is deur ons hanteer en by die Landgoedbestuurder aangemeld.
- **Honde-oppassers:** ‘n Normale uitstappie deur ‘n eienaar met sy twee honde het in ‘n verskriklike ondervinding ontaard toe hulle angeval is deur ‘n groot hond waarvan die oppasser hom nie kon hanteer nie. Een hond is dood gebyt en die ander ernstig beseer. Huiseienaars en inwoners wat van oppassers gebruik maak vir hul troeteldiere word ernstig versoek om seker te maak dat dié persone toegerus en opgelei is om die diere behoorlik te hanteer en ook alle reëls en wetgewing kan nakom.
- **Partytjies en funksies:** Huiseienaars wat funksies en/of partytjies reël waar vier of meer voertuie verwag word, word vriendelik versoek om ons Landgoedbestuurder vooraf in te lig. Verskaf ook asb. ‘n lys van gaste, ten minste 24 uur voor die funksie sodat Sekuriteit ‘n voorafklaring kan reël

en die toegang van die voertuie so glad as moontlik kan laat verloop. Waar nodig moet parkeerreëlings ook vooraf met die Sekuriteitsbestuurder bespreek word.

#### **LEAPFROG PROPERTIES FOTO VAN DIE MAAND:**

Ons wenfoto vir April is deur Jennifer geneem en word *Morning Charm* genoem. Dit sal outomatises deelneem aan die Foto van die Jaar-kompetisie waarvoor die kontantpryse deur *Leapfrog Properties* geborg word. Die wenfoto's vir die jaarlikse kompetisie word gekies volgens die aantal stemme wat hulle ontvang van huiseienaars en permanente inwoners, met R500 as eerste prys, met R250 en R150 beskikbaar as tweede en derde prys. Haal dus jou kamera uit en stuur in daardie foto's! Die enigste reëls is dat dit eie werk en een of ander onderwerp oor Shelley Point moet toon – die landskap, mense, diere, voëls, huise, ens.



Wat betref die wenners van die 2018-kompetisie, baie dankie aan die wenner van die trekkingsprys, wat dit aan die Stompneus Hondevoedingsprojek geskenk het en ook aan Johan Blaauw, die onderwerp van die foto wat die derde prys behaal het, wat gevra het dat sy prys aan die Eilandhuis geskenk word.

#### **SPORT EN SOSIALE AANGELEENTHEDE:**

**'Sundowners'-byeenkoms:** Die volgende byeenkoms sal op 26 April gehou word by die Sport- en Sosiale Klub. Ons sou julle graag daar wil sien.

**Gholf:** Daar is nie 'n verslag ontvang vir hierdie maand nie. Kontakbesonderhede van die kaptein verskyn op die laaste bladsy.

**Rolbal:** Ons ledetal is nou 29 en die bywoning is goed, met tussen 10 en 15 deelnemers wat Dinsdae en Vrydae deelneem. Daar is 'n voorstel gemaak vir 'n Pretdag met deelnemers wat optooi – hou dus dié spasie dop vir verdere inligting. Nou dat die dae korter en koeler word, *verskuif die begintyd na 10:00 en NIE meer 09:00 nie* op beide Dinsdae en Vrydae. Ons sien uit daarna om julle op die rolbalperk te sien. Raadpleeg die laaste bladsy vir kontakbesonderhede. Tot volgende maand – laat die balle rol!

**Tennis:** Geen verslag hierdie maand nie. Kontakbesonderhede verskyn op die laaste bladsy.

**Brug:** Bo en behalwe gewone kontrakbrug, wat ons elke Woensdagmiddag speel by die Sosiale Klub, is daar ook meer gevorderde kompetisie beskikbaar elke eerste Woensdag van die maand. Dit is nogal gewild by deelnemers vanuit die hele omgewing, wat aansluit vanaf Langebaan, Saldanhabaai, Port Owen, Darling en soms selfs van so ver as Kaapstad. As julle wil saamspeel, raadpleeg die laaste bladsy vir meer inligting. Beginners is altyd baie welkom!

#### DIE LEWE IN SHELLEY POINT:

**Reënval by Shelley Point:** Die van ons wat op Shelley Point woon, was in die wolke oor die (vir ons) massiewe reënbus wat op 10 Maart geval het. Tuine was onder water en dakke het gelek, maar niemand het omgegee nie! Volgens Henri Roux was die totaal vir die maand van die middel van Februarie tot die middel van Maart 'n heerlike 32mm. En, volgens 'n lang gevestigde inwoner, was die bus van 10 Maart die hoogste reënval in een keer in die twintig jaar wat hy op Shelley Point woon!

Die totaal vir hierdie jaar staan nou op 37,5mm, wat goed vergelyk met verlede jaar se 11,5mm oor dieselfde tydperk. Ons hoop dis 'n goeie voorteken vir die (nat?) maande wat aan die kom is.

**'n TV-filmspan op Shelley Point:** Ons was aangenaam verras toe Shelley Point onlangs Media Productions, 'n TV-maatskappy wat baie programme vir die SABC en ook VIA (DStv-kanaal 147) vervaardig, hier kon verwelkom. Hulle verfilm tans die tweede reeks van *Kom Ons Kamp*, 'n realiteitsprogram met drie spanne kampeerders wat veelvoudige uitdagings moet oorkom om 'n groot prys te wen. Hulle was by Kuifkopvisvanger by Velddrif gebaseer en het toestemming gevra om Shelley Point op 14 Maart te besoek en te gebruik as een van die bestemmings vir daardie dag se uitdaging. Ons was natuurlik te bly vir die blootstelling wat Shelley Point en ons pragtige strande op TV sou kry en het graag ingestem.

Een van die leidrade het die deelnemers na die vuurtoring op Shelley Point geneem, waar opvolg-leidrade onder drie klappe geplaas was (sien die foto's hierby), elkeen gekleur vir elk van die drie spanne. Die kamerapan en die drie deelnemende spanne het omstreeks 12:00 die middag van 14 Maart gearriveer en is deur Sekuriteit ontvang. Die spanne het toe al langs die strand gehardloop na die vuurtoring om hulle leidrade op te spoor en daarna, ietwat uitgesem, verder gehardloop na hul volgende bestemming.



Maak dus seker dat julle na *Kom Ons Kamp* kyk wanneer dit eendag op TV verskyn.

**Die wilde-kat-projek:** Goeie nuus! Ons het uiteindelik daarin geslaag om 'n vanghok te bekom sodat ons die katte wat nie so mak, of aggressief, is kan vang, na die Wesland Dierekliniek kan neem vir sterilisering en dan kan terugbring. Die koste van die vanghok, insluitende aflewering, was R1 150. Dit is betaal met die laaste R550 wat in die Kattefonds oor was, terwyl die verdere R600 bygedra is deur Yvonne Collett en Ian Mackintosh – baie dankie aan hulle!

Die vanghok is nou beskikbaar, maar sal streng beheer word deur Sekuriteit en Yvonne Collett, om te verhoed dat mense katte vang en dan van hulle vergeet, of dit vang met die doel om hulle van kant te maak. As 'n kat eers gevang is, berus dit by die persoon wat dit versoek het om die dier by Wesland te kry vir sterilisering en weer af te haal en terug te bring. Daar is 'n spesiale tarief beding by Wesland, dus moet dit vermeld word dat die Kat van Shelley Point af kom. Voor die kat weggegneem word, moet ons seker maak dat dit nie iemand se troeteldier is, of reeds gesteriliseer is nie. Om daarmee te help, vra ons dat julle 'n halsband of 'n lint om julle huiskatte se nekke aanbring.

As almal verantwoording kan neem vir die vang, vervoer en koste van net EEN kat, sal die probleem gou iets van die verlede wees en ons voëllewe gou weer floreer. Maak ook asb. seker dat julle Wesland kontak voor 'n kat gevang word, sodat hulle die sterilisering kan skeduleer vir die volgendeoggend.

**Restaurantresensie:** Ons restaurantbeoordeelaars, die Cheese Mouse en Wine Fly, het *De See Kat* in Paternoster verlede maand besoek om die kos daar te beoordeel en hiermee dan hulle verslag ...

*To all aristocats, alley cats, puss in boots and all other cats with or without catsuits, we are glad that you followed our catwalk to the entrance of de See Kat. When the cat is away the mouse does play - so come and enjoy a pleasant meal which is specially prepared for the catch of the day."*

Met so 'n uitnodiging word ons Mouse se weerstand gou gebreek, terwyl die Fly nie op haar laat wag as dit by iets lekkers kom nie.



*De See Kat*-restaurant is geleë in die hoofpad van Paternoster, so 'n entjie verby die besige sentrale deel, maar is moeilik om te mis vanweë die reuse mosaïekkat op die sypaadjie. 'n Ete hier kan net lekker wees en, as jy 'n liefhebber van sushi is, is hierdie net die plek vir jou. Dit is nie goedkoop nie, maar die kwaliteit (en vir sushi is dit tog deurslaggewend) en aanbieding is uitstekend. Die Fly meen dat selfs Chef Nobu sou saamstem hiermee.

Daar is meer as genoeg parkeerruimte en die gerieflike sitplekke, met 'n see-uitsig, nooi jou behoorlik om, met 'n glas jenever of wyn byderhand, die omvattende spyskaart te bestudeer. Die wynlys is redelik klein, maar bevat 'n paar interessante wyne wat verskil van wat normaalweg op die Weskus beskikbaar is. Leeuwenkuil Chenin Blanc kos R105 per bottel, terwyl die fynproewer se Springfield se Life from Stone Sauvignon Blanc R220 kos. En as jy die seekos wil oorslaan ten gunste van biefstuk, is Kleine Zalze Merlot beskikbaar teen R105 per bottel of Springfield se Work of Time Bordeaux-versnit teen R250.

Maar dis vir hul heerlike kos wat jy kom. Daar is 'n hele verskeidenheid voorgeregte – peri-peri hoenderlewers (R69) en mossels (R60) – byvoorbeeld. En dan is daar ligte maaltye soos vis en skyfies of 'n biefstukburger vir R108. As jy honger is, kan jy reusegarnale (R225) of 'n tunabiefstuk (R210) geniet. Maar die kos waarvoor hulle bekend is, is sushi en dis voorwaar eersteklas. Elke porsie is 'n klein kunswerk en die kleure is so helder! Die heldergroen wasabi, die lige pienk gemmer, donker sojasous en die komkommernoedels vorm 'n heerlike agtergrond vir die California-rolle (gemiddeld R50 vir 4), tunarosette (R58 vir 3), tuna- of garnaalrolle (R58 elk), of salm-sashimi (R64), wat met soveel sorg voorberei is.



Dit kan heerlik wees om te deel. Jy kan dus 'n verskeidenheid bestel en dan kan almal in hierdie sushi-ondervinding deel. Die uiters sorgsame personeel kan ook raad gee as jy nie seker is wat jy graag wil probeer nie. Maar moet nie te teleurgesteld wees nie as van die seekosgeregte dalk nie beskikbaar is nie, want hulle gebruik net die heel varsste bestanddele en sommige spesies is nie altyd beskikbaar nie.

Die Mouse en Fly hoop waarlik dat julle hierdie ook so sal geniet en wens julle 'n *Oishi sushi no shokuji* toe.

#### VASCO SÊ:

Baie omgewingsbewuste inwoners is betrokke by plaaslike projekte wat St Helenabaai reinig en die rommel verwyder. Kom ons doen dit ook vir Shelley Point. As jy met jou honde, of dalk net op die strand gaan stap, neem 'n sakkie saam tel die rommel op soos jy aanstaap.



SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	Naam	E-pos	Telefoon
Landgoedbestuurder	Norman Cowen	<a href="mailto:manager@sphoa.co.za">manager@sphoa.co.za</a>	082 784 2920
Administrateur	Lindy Cowen	<a href="mailto:admin@sphoa.co.za">admin@sphoa.co.za</a>	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	<a href="mailto:daniel.plaatjies@excellerate.co.za">daniel.plaatjies@excellerate.co.za</a>	071 312 8861
Reaksievoertuig	Toesighouers	NVT	083 636 6466
Kontrolekamer	Controllers	NVT	022 742 1380 022 742 1888 066 359 4273
Pro Shop/Klubhuis	Gerilda Arendse	<a href="mailto:shelleypcc@gmail.com">shelleypcc@gmail.com</a>	022 7421037
Golfkaptein	Johan Blaauw	johan.blaauw12@gmail.com	084 5781892
Rolbalkaptein	Liz Roberts	<a href="mailto:chezroberts@mweb.co.za">chezroberts@mweb.co.za</a>	083 327 4349
Tenniskaptein	Robert Dick	<a href="mailto:Robbydick0312@gmail.com">Robbydick0312@gmail.com</a>	076 902 6845
Brugkaptein	Terry Mackintosh	<a href="mailto:didge28@gmail.com">didge28@gmail.com</a>	076 6004641
Gemeenskaps-kennisgewingbord	Chris Roberts	<a href="mailto:chezroberts@mweb.co.za">chezroberts@mweb.co.za</a>	076 7832035
Brandalarm (ADT)	Response Vehicle		0835560052
SA Polisiediens	St Helenabaai		0227368060
SA Polisiediens	Nasionaal		10111
Ambulans	Nasionaal		10177
Selfoon noorddiens			112